

21 HOEKSTONE VAN N.TVL-TAK

Die 21 tagtig- en negentigjariges is N.Tvl-tak se hoekstone! Hulle is aktief in die genealogie en op verskeie ander lewensterreine. So byvoorbeeld het **dr. John Bojé** vroeër vanjaar op 84 sy tweede doktorsgraad verwerf. Meer daarvoor sal in die volgende taknuusbrief verskyn.


Foto regs is dié van dr. Boje en sy vrou, Elizabeth



Thinus Theart (85) en sy vrou Hannelie is gereelde gesigte by takbyeenkomste en genealogie-uitstallings waar hulle 'n Theart-tafeltjie beman. Thinus het reeds 'n CD van die Theartfamilie uitgegee maar volgens hom is dit voorlopig want hy werk stadig maar seker aan nog inligting. Thinus beskou dit as 'n voorreg dat hy vanaf 1994 'n lid van N.Tvl-tak is.

Thinus en Hannelie Theart

Anton Loubser, afgetrede diplomaat en voormalige ambassadeur, het verlede jaar op 84 'n boek oor sy lewe in die diplomatieke diens gepubliseer. Buiten vir 'n B.Com. en M.A.-grade het hy na sy aftrede ook 'n LL.B.-graad verwerf. Hy is 'n bekende in nasionale en internasionale kunsringe en wat genealogie betref, het hy reeds 'n artikel vir *Familia* geskryf oor die minder bekende van *Fakulyt* wat in sy familie voorkom.



Anton met sy boek



Vanaf Koffiefontein waar **prof. Joubert Botha** in 1928 gebore is tot internasionale verhoë: Dit is die geskiedenis van ons oudste taklid wat tot die laaste takbyeenkoms voor inperking bygewoon het. Na sy studie aan UP het hy sy doktorsgraad in Ekonomie aan die Universiteit van Amsterdam in Nederland verwerf. Hy was jare lank die hoof van die Departement Ekonomie aan Wits en ook die redakteur van die *South African Journal of Economics*. Sy briewe oor die ekonomie verskyn nog gereeld in *Beeld*.


Prof Joubert Botha en Anton Loubser

Kort op prof. Botha se hakke wat ouderdom betref, is taklid **Prins(loo) Liebenberg** wat op 24 Augustus sy 91ste verjaarsdag vier en sy lewe as rondtrekkerig beskryf. Hy en sy pa was in die onderwys en dit het hom vanaf Madzi Moyosendingstasie in Noord-Rhodesië via Natal tot in Transvaal en Kaapland geneem. Van al die plekke het die Karoo sy hart gesteel. Hy doen navorsing oor sy oupa wat as Karooseun predikant geword het en daarvoor benut Prins wat hy *die groeiende, aanlyn genealogiebronne* noem, ten volle.

Die rekordhouer vir die persoon wat die langste lid van GGSA is, naamlik 51 jaar, is die 84-jarige **Thys du Preez**. Hy was nege jaar lank die redakteur van *Familia* en is die outeur van *Die Familie Du Preez van Suid-Afrika* waarvoor hy die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se toekening vir genealogie ontvang het. Na 'n paar jaar in die Kaap het hy in 1966 by die NTvl-tak, wat toe as die Pretoriatak bekend gestaan het, aangesluit en is steeds 'n aktiewe lid wat die takbyeenkomste en -uitstappies bywoon.



Thys du Preez en Thinus Theart, twee tagtigjariges by 'n genealogie-uitstalling



Van Biologiejuffrou met 'n B.Sc. in Plant- en Dierkunde tot by tegniese assistent aan UP vir Histologie vir mediese studente; daarna as eggenoot van 'n man wat by Waterwese werksaam was en met wie sy die land met elke moontlike agterpaadjie deurkruis het. Ons het vir **Mieka Erasmus** (81) leer ken as iemand wat gemaklik haar woord kan doen en dikwels ingespan word om 'n gasspreker te bedank.

Foto links toon Mieka Erasmus agter die kateder tydens een van die taksimposiums

Pieter van Aardt (85) het aan die Hoërskool Wonderboom matrikuleer waarna hy by die Landbank gaan werk en na-uurs 'n onderwysdiploma verwerf het. Na 'n kortstondige onderwysloopbaan is hy terug na die Landbank en verwerf hy 'n B.Com.-graad aan Unisa. In 1985 het hy sy boekie, *Die Van Aardts van Chrissiesmeer* uitgegee en 'n groot familiesaamtrek by Chrissiesmeer georganiseer. *Sonder genealogie sou my lewe na my aftrede in 1994 rigtingloos en vaal gewees het, sê Pieter.*



Pieter van Aardt

Pa en seun, beide in die elektrisiteitwese. **Paul Jessen** (80) se pa het 'n elektriesien geword en Paul 'n elektrotegniese ingenieur wat 'n draai in Duitsland gemaak het om met die nuutste tegnieke van die tyd kennis te maak. Paul se vader wat in die Abraham Kriel Kinderhuis grootgeword het, het sy seun na ds. Kriel vernoem en vir hom die name *Abraham Paul* gegee. Waarmee Paul op sy tweede naam bekend staan, is 'n storie vir anderdag.



Die steeds flink **Nic Steyn** (86) het pas sy herinneringe vir die tak se Onthoupaadjieprojek neergepen. Daarin kyk hy terug op 'n interessante lewe wat hom as Hooftelefoontegnikus by Telkom in verbinding met alle lae van die bevolking, van Jan Alleman tot by generaals, ministers, presidente en ambassadeurs gebring het. Hy was ook die onontbeerlike skakel in die tyd toe die telefoon die skakelmeganisme tussen belangrike gebeure en die SAUK, soos die begrafnis van hoogeplaastes in die Heldeakker in Pretoria was.

Dr. Theo van Wyk (81) is 'n afgetrede skoolinspekteur wat aktief by samelewingsaktiwiteite waaronder N.Tvl-tak betrokke is. Hy word kort-kort ingeroep om taklede van advies oor die skryf van genealogieartikels te bedien en ook as keurder vir die jaarlikse aanwys van die beste *Familia*-artikel. Hy was die afgelope tyd een van die leermeesters om ander taklede met Zoom te help. Sy vryetyd wy hy aan sy eerste liefde, te wete houtwerk.



Foto regs: Dr Theo van Wyk as spreker by 'n takbyeenkoms



Nic Prinsloo

Nic Prinsloo (82), boorling van die Zoutpansberg, se lewenspad het hom via Laerskool Alldays en Hoërskool Louis Trichardt na die stad en terug plaas toe geneem. Sy boerderylewe is deur droogte en swak ekonomie gekenmerk. Oral waar hy gekom het, was hy in aanvraag om op komitees en rade te dien en tans is hy 'n trustee van die woonstelblok in Gezina waar hy en sy vrou Alethea Olympia (née Van Tonder) woon. Nic het die afgelope week Zoom baasgeraak en sal in die toekoms direk op die takpraatjies inskakel.

Na 'n lang loopbaan van 42 jaar in die bankwese het die genealogiegogga **Christo Viljoen** in 1970/71 gebyt waarna hy 'n Viljoenfees gereël het. Hierna het hy sy ma se familie, die Van Jaarsveldts se stamboom opgestel en ook aandag begin gee aan sy oumas en oupas De Wet, Henning, De Villiers en Du Toit. Op 86 is Christo nog aktief besig en beoog om met sy vrou se familie, die Van Niekerks en Imminks te begin.

Christo Viljoen



Van Natuurwetenskap na Biblioteekkunde: Dit is **dr. Philmar Minnaar** (82) wat aan die Hoërskool D M Pretorius, Noupoot gematrikuleer het en daarna die B.Sc.-graad en onderwysdiploma aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat behaal het. Hy het spoedig die klaskamer vir die wêreld van biblioteke verruil en sy doktorsgraad in dié rigting behaal. In 1986 beleef hy die ommeswaai na rekenarisering van biblioteekprosesse by die Universiteit van Zoeloeland en het hy 'n voorreg wat min mense beskore is, naamlik om as hoofbibliotekaris 'n nuwe universiteitsbiblioteek te beplan. Hy is ook een van die taklede wat gereeld op die Zoompraatjies inskakel. Phil is in Durban met Laetitia Potgieter getroud.



Wes-Transvaler in murg en been is die 86-jarige **prof. Henk Kruger** wat as dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO afgetree het en in die Bosveld in Warmbad (Bela-Bela) gaan woon het. Hy werk aan 'n artikel vir *Familia* oor die vyf families van die Schoonspruit en die plaas *Sterkstroom* by Ventersdorp. Hy het die afgelope week Zoom lag-lag onder die knie gekry.

Prof Henk Kruger ontspan in die lekker Bosveldklimaat

'n Storie met 'n kinkel: Op 85-jarige leeftyd het **dr. Thys Pieterse**, wat volgende maand 86 word en iemand wat 'n doktorsgraad in Anorganiese Chemie aan die Universiteit van Amsterdam, Nederland behaal het, vir die eerste keer met genealogie begin. Na sy vrou se dood trou hy met Vera, 'n skoolvriendin wat met haar oorlede man wat 'n kleinseun van genl. De la Rey was se familiegeskiedenisboeke in die huis intrek. Vera vra vir Thys: *Het jy 'n stamboom?* En die res is soos hulle sê, geskiedenis!



Thys 86 en Vera (née Swart) Pieterse



Vis Visagie het in die 81 jaar wat hy reeds agter die rug het, nie stil gesit nie en hy leef steeds elke dag voluit. Buiten vertaalwerk doen hy die meeste van die tyd houtwerk en naweke onderneem hy en sy vrou Leonora uitstappies in die Waterberg saam met die Dendrologiese Vereniging. Vis het reeds sy kwartierstaat tot 'n voorgeslagstaat uitgebrei en wil nou die nasate van sy oupa Gert Visagie doen. Op sy doenlys is Leonora se familie.

Vis Visagie en Leonora

Een van ons jong 80-jariges is **Sophie van Coller** wat vanjaar dié mylpaal behaal het. Sy het in jaar jongdae aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO klavier en orrel studeer. Sy is met David van Coller getroud en hulle het in die Vaalwateromgewing geboer. In 1984 het sy verpleegopleiding ontvang en na haar man se dood woon sy in 'n aftreeoord by Naboomspruit. Sophie het ook hierdie week Zoom bemeester om op N.Tvl-tak se takpraatjies in te skakel.



Sophie van Coller



Ons heel jongste 80-jarige wat eintlik eers September verjaar, is **dr. Muller Pretorius**. Hy en sy vrou Hannie is van die bekendste gesigte by ons takbyeenkomste. Dat hy 'n predikant is, is algemeen bekend, maar nie dat hy 'n sportman van formaat was nie. Muller was die middelgewig bokskampioen van die Lugmag en van Suid-Afrikaanse Universiteite wat in Engeland en Europa deelgeneem het. In later jare was dit fietsry en verlede jaar nog het hy 'n wedren van 26 km voltooi! *Links voor: Hannie Pretorius (née Victor) en dr Muller Pretorius by 'n*

takbyeenkoms

Dit is interessant hoeveel ingenieurs lede van ons tak is. Een van hulle is die 81-jarige **Willem Dreyer**, 'n afgetrede meganiese ingenieur wat vanjaar by die tak aangesluit het. Hy is in Bloemfontein gebore en het aan die Hoërskool Sentraal matriculeer. Beide sy grade, naamlik 'n B.Sc.Eng. (Meg) en 'n M.B.A. het hy aan die Universiteit van Pretoria behaal. Tans is hy besig om sy ma se mense, 'n Landmantak van Christiaan Landman van Alexandria in die Oos-Kaap op te spoor.



Willem Dreyer



Dr Frank Netterberg (81), a geotechnical engineer, is a well-known pavement materials and geotechnical specialist who has received the Draper Medal of the Geological Society Africa and the Silver Medal of the Soil Science Society of South Africa. Since he retired from the CSIR and as lecturer at Wits, he has been doing research and publishing articles. His genealogical interest in his father's side lies with the Netterberg family that originated from Sweden, Kelly from Ireland and the Buchals, a German Settler's family from the Eastern Cape. On his mother side he is interested in Tanner, Boxhall and Bryant.

Dr. Frank Netterberg